

6 Februarie 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 1

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Opgewonde oor 2014

Die NHKA bevind haar steeds in onstuimige waters. Strategies en operasioneel is daar soveel uitdagings wat die personeel van die Sinodale Kerkkantoor – soos in die verlede – weer in 2014 te bowe moet kom!

Die vrae, onsekerheid en twyfel wat dikwels by lidmate, gemeentes en predikante bestaan, mond uit in die dag tot dag besig wees van die personeel by Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Om al die eise te oorkom en die vraag te bemeester, vra 'n besondere ingesteldheid. Die dae by die Kerkkantoor is dikwels moeilik eerder as maklik; kompleks eerder as eenvoudig; uitmergelend eerder as opwindend.

Die Here sal ons pad weer gelyk maak. Hy is die God wat storms tem en sy skepping/skepsels liefdevol koester. By die Kerkkantoor leef elke departement in fyn balans en sensitiwiteit met elke gemeente, lidmaat en predikant. Sonder die Here se leiding, liefde en groot genade is al ons pogings tevergeefs en sonder sin.

Op die vraag *Wat maak die personeel opgewonde vir die jaar 2014?* getuig die volgende gedagtes van geloof, hoop en inspirasie:

2014 gaan 'n jaar wees waarin ek gaan ophou om die toekoms te analiseer. Ophou om uit te vind hoekom 2013 was soos dit was. Ophou "self" besluit wat ek wil en nie wil hê nie. Ek gaan agteroor sit en net kyk wat gebeur! Alles in God se hand! Watter rit!

Ons moet meer positief op die lewe ingestel wees: Ons geloof, hoe ons leef, hoe ons praat en bid. Ek wil 'n positiewe bydrae maak tot my daaglikse taak – met 'n lied in my hart.

2014 gaan 'n wonderlike jaar wees – een waarin baie goeie dinge gaan gebeur. 'n Gevoel van opwinding spruit hieruit na vore. 'n Positiewe ingesteldheid jeens my werk getuig van positiwiteit en passie.

Om in die oggend werk toe te kom en al die dagtake daarmee saam aan te pak, maak my opgewonde. Ek is trots op my werk... ek is dankbaar vir hierdie werk en die voorreg om saam met 'n klomp fantastiese mense te werk – my familie! Op 'n meer persoonlike vlak is daar groot dankbaarheid vir die ondersteuning en omgee wat ek by my familie ervaar. Die Here het wonderlike mense op my lewenspad gebring.

Dit is vir die personeel ontsettend belangrik om in 2014 te verstaan *hoe geweldig groot sy (God se) krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo...* (Ef 1: 19). Om te begryp dat God oneindig meer kan doen as wat ons bid of dink, vra dat ons Jesus as Verlosser sal ken en dien. Al is en voel ons soms hoe swak, dit is belangrik dat ons vanuit God se krag sal bly leef, ons daaglikse take sal aanpak en 'n bron van inspirasie vir mekaar en so baie ander sal bly.

Dr Frikkie Labuschagne
Sekretaris, Kommissie van die AKV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Witbank-Suid** se gemeentebediening is vakant en die gemeente het opdrag gegee om die vakature te vul. Hierdie is 'n gevestigde plattelandse gemeente in Mpumalanga, deel van die ring van Bronkhorstspruit en met die potensiaal om te groei. Die gemeente bestaan tans uit sowat 190 belydende lidmate met ongeveer 96 besoekpunte wat in wyke ingedeel en in die dorp geleë is.

Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket. Stuur **voor of op 16 Februarie 2014** 'n volledige CV na nhkaws@gmail.com. Navrae kan gerig word aan ds Naas Lombard (eerste Konsulent van die gemeente) by 082 261 3010, of Willie van Dyk (skriba/ouderling) by 082 887 5403. Slegs gekeurde kandidate sal vir onderhoude genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds AM (Anton) Swanepoel** het op **26 Januarie** sy **50ste ampsjubileum** in **Gemeente Oos-Moot** gevier. Dr Frikkie Labuschagne het die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bygewoon. Ds Swanepoel is op 18 Januarie 1963 in Oos-Londen georden deur wyle ds AJ van Staden, destyds predikant van Gemeente Silverton. Ds Swanepoel se klasmaats lewe nog almal en was met een uitsondering almal teenwoordig. **Op die foto** hiernaas is dr Dolf Conradie, di Nico Brayshaw, Kobus Müller, Anton Swanepoel en dr Daan van Wyk (sr).



Ds Anton Swanepoel en kollegas

- **Ds F du C (Lappies) Labuschagne** het sy **60ste ampsjubileum** op **2 Februarie** in **Gemeente Pierneef** gevier. Ds Dries Beukes het die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bygewoon. Ds Labuschagne is op 29 Januarie 1954 in Johannesburg-Suid georden. Hy het in 1958 'n beroep na Durban-Suid aanvaar, in 1963 na Nigel, en in 1966 na Gemeente Pretoria waar hy tot met sy emeritaat in 1994 gewerk het. Verskeie predikante van die Kerk het die geleentheid bygewoon, waaronder prof Marthinus Pretorius wat onlangs self sy 50ste ampsjubileum gevier het, en twee predikante wat ook in Johannesburg-Suid gedien het, naamlik ds Dries Beukes en ds Hannes du Toit. **Op die foto** hiernaas is prof Pretorius, di Thomas Dreyer, Dries Beukes, Lappies (Francois) Labuschagne, Wilhelm Steyn, Hannes du Toit, Adam Zwarts, Arie Kuyper, Petri de Kock en dr Wouter van Wyk.



Ds Lappies Labuschagne en kollegas

- Ons het intussen verneem dat **ds Mariët Robbertze** van Gemeente Magaliesmoot ook in 1989 georden is en dus ook vanjaar 25 jaar diens in die Kerk vier. Baie geluk ook aan u!
- **Ds Jabare Jan Madulo** van die Residensia-gemeente van die MRCC is Sondag 2 Februarie oorlede. Hy was 31 jaar oud. Ds Jan is een van die AIM-studente wat by ons afstudeer het. Hy kom van Orkney. Ons innige simpatie gaan aan sy kollegas en familie.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg: “16 Februarie is die derde Sondag vóór die Lydenstyd en staan bekend as *Sondag Septuagesima* (letterlik die Sondag van die 70 dae voor Pase). Die bedoeling van ’n uitgebreide liturgiese kalender is om op ’n gereelde maar geordende basis aan die veelheid van temas en tekste van die Bybel aandag te gee. Die tema wat op hierdie Sondag aandag kry, is *geregtigheid en genade*. Een van die tekste wat geskik is vir hierdie Sondag is Matteus 20: 1-16, die gelykenis van die arbeiders in die wingerd. Ons as mense verlang geregtigheid, maar God bied aan ons genade – iets veel omvattender as geregtigheid. Geregtigheid word verdien en is berekenbaar, maar genade word uit vrye goedheid geskenk. Skriflesings uit die Ou Testament kan gebruik maak van Jeremia 9: 22-23 of Daniël 9: 18. ’n Gepaste seëngroet sou Psalm 28: 7 kon wees. ’n Mooi gemeentelike gebaar sou wees om die funksionaris van die gemeente, soos die koster en faktotum, te bedank vir hul werk aangesien hul loon gewoonlik nie in ooreenstemming is met die diens wat hulle lewer nie.”



Arthur Ngwezi

- Die amptelike opening van die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** het op Dinsdag 4 Februarie by die Sinodale Kerkkantoor plaasgevind. Die openingsrede is waargeneem deur dr Frikkie Labuschagne, en die titel van sy voordrag was *Sustainable youth ministry dealing with an abandoned generation*. Daarna is akademiese pryse aan die studente oorhandig. Die beste student (wat hierdie jaar in sy finale jaar is) was **Arthur Ngwezi** met ’n gemiddeld bo 75%, terwyl **Mpiilo Mpanza** met ’n gemiddeld bo 70% die tweede beste student was. **Lerato Mokoena** (tweedejaar in 2013) en **Wakefield Tikilili** (eerstejaar in 2013) het boekpryse ontvang vir die beste prestasie in Ou Testament. Die enigste nuwe eerstejaarstudent, **S Mnisi** van Soshanguve, het aan ’n Pretoriase hoërskool gematrikuleer (met Afrikaans moedertaal as vak!), en is by UP ingeskryf vir sy opleiding. Verdere gesprekke met die HTK en die Fakulteit Teologie sal in 2014 gevoer word, terwyl die bestaande dosente sal voortgaan met die opleiding by AIM.

- **ADV: JAAR VIR ARMOEDE.** Ds Martin Jansen van Rensburg skryf soos volg: “Die temajaar het op 26 Januarie afgeskop. Ons vertrou dat al die gemeentes die DVD gekyk het, of besig is om te beplan om dit vertoon. Die doel is om die gemeente bewus te maak van die omvang van armoede. Die diakens word aangemoedig om ’n opvolggeleentheid te beplan om die gemeente te betrek by ’n projek om die armoede te hanteer. Die Werkgroep Armoede se voorstel is *Mis-’n-ete*. Hoe voel dit om op ’n Sondagmiddag nie te eet nie? Daar is baie wat nie die weelde ken van ’n Sondagmiddagete nie. Beplan *Mis-’n-ete* en moedig die gemeente aan om deel te neem. Verkoop ’n kaartjie daarvoor en gebruik die fondse vir jul gemeente se diakonale hulp. Of bring jul kos kerk toe en deel dit uit aan diegene wat nie ’n Sondagmiddagete het nie. Kom vat hande in die stryd teen armoede.”

- **Omgee-in-Aksie.** Die maandblad van die ADV het pas weer verskyn. Gaan lees wat doen ons Kerk op die terrein van barmhartigheid. *Help een mens op ’n slag, sonder om iets terug te verwag, tot eer van God.* Klik hier om in te teken op *Omgee-in-Aksie*:

<http://www.diakens.co.za/index.php/adv-kommissie/omgee-in-aksie/teken-in.html>

Om *Omgee-in-Aksie* af te laai, klik hier:

<http://www.diakens.co.za/index.php/adv-kommissie/omgee-in-aksie/vorige-uitgawes.html>

- **Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Amptelike opening**

Datum: Woensdag 19 Februarie

Tyd: 10:00-12:45

Lokaal: Kerkgebou van Gemeente Philadelphia

Erediens: Prof Andries van Aarde. *Met integriteit in die voetspore van Jesus*

Openingsrede: Dr Wim Dreyer. *Ons uitdaging: om met integriteit kerk te wees*

Tafelgesprek: Prof Yolanda Dreyer. *Die vermoë om met veerkragtigheid vanuit ’n traumatiese situasie vorentoe te gaan*



- **KERKARGIEF. Riglyn vir argivering.** Van tyd tot tyd, veral aan die begin van die jaar, wil ons graag sekretariële beamptes en skribas herinner aan die instandhouding van gemeentelike argiewe. Om u te help met die ordelike versorging van argiefstukke, moet die **Riglyn vir gemeenteargiewe** gebruik word. Dit is beskikbaar op die Kerk se webwerf www.nhka.org → Kerklike argiewe → Riglyn. Die riglyn is ook vir gebruik wanneer stukke voorberei word om dit oor te dra vir permanente bewaring in die Kerkargief. Rig navrae aan die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by argief@nhk.co.za of 012 322 8885 x204. Dit is belangrik om die argivaris te kontak voordat u enige stukke aanstuur.

- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.

- Die **Ondersteuningsraad** voorsien tans 'n gedeeltelike studiebeurs aan 'n behoefteige Hervormde lidmaat wat **maatskaplike werk** studeer. Die omstandighede is sodanig dat die ouers geen finansiële bydrae tot haar studies, losies, etes, boekegeld of sakgeld kan maak nie. Die Ondersteuningsraad verneem graag of daar nie lidmate is wat bereid is om **die student se losiesgeld van R1 800 per maand te borg** nie. Enigeen wat bereid is om by hierdie aangeleentheid betrokke te raak, kan mev Mariaan Steenkamp kontak by 012 322 8885 x290. Baie dankie aan die leraar wat reeds die losies vir Februarie 2014 vereffen het. U positiewe gesindheid om hierdie student in staat te stel om te kan studeer, word opreg waardeer.

- **Bybelvasvra.** Vanjaar vind die 21ste Landwye Bybelvasvra plaas. Vanjaar is dit die boek **Spreuke** wat vir die eerste keer die toegewyde aandag van minstens drieduisend Vasvra-Hervormers gaan ontvang. Die Vasvra is bedoel vir oud en jonk. Daar is plek vir almal in die volgende kategorieë: Laerskool (laerskoollidmate); Hoërskool (laerskool- en hoërskoollidmate); Jong Hervormers (lidmate onder 30 jaar); en Ope (geen ouderdomsperk). Die Vasvra handel oor **Spreuke 10: 1 tot 15: 33**, asook twee artikels in *Konteks* in die April- en Mei-uitgawe (Hoërskool, Jong Hervormers en Ope). Dr Anneke Viljoen het verlede jaar haar proefskrif oor die boek Spreuke suksesvol verdedig en haar doktorsgraad behaal. Sy sal in die artikels vanuit die varsste navorsing toeligting gee. Die rondtes behels die volgende: Gemeentevrasvra voor 31 Julie 2014. Gemeentes kan by Bybelstudiegeleenthede aandag aan Spreuke gee na aanleiding van die *Konteks*-artikels. 'n Gemeentelike Bybelvasvra kan ook gehou word (dalk in wyks- of groepsverband, of klasverband by die kategese) voor einde Julie. Die Ringsvasvra is op Sondag 3 Augustus of voor 31 Augustus. Indien die Ringsvasvra op 3 Augustus plaasvind, kan Ringskoördineerders gebruikmaak van 'n standaardvraestel wat deur die Komitee vir die Landwye Bybelvasvra beskikbaar gestel sal word. Die landwye finaal is op 28 September. Dit vind weer plaas in die vorm van 'n kamp by Kwaggasrus, buite Brits op die Thabazimbi-pad. Gemeentes (veral die jongmense) word aangemoedig om die hele naweek saam met ons deur te bring. Verdere reëlings sal later beskikbaar wees.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Ds D (David) Barnard** vier sy **25ste ampsjubileum** op **9 Februarie** in **Gemeente Magaliesmoot**. Ds Dries Beukes sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- Dit is met groot hartseer dat **Gemeente Witbank** bekend moet maak dat die gemeente tydens 'n buitengewone gemeentevergadering op 8 Desember 2013 besluit het om **aan die einde van Februarie 2014 te ontbind**. Vir 87 jaar kon die gemeente en lidmate deel in kerkwees, in genade en in die liefde van die almagtige God. Uit diepe dankbaarheid en in nederige afhanklikheid is besluit





om op **Sondag 9 Februarie 2014** 'n Dankseggingsdiens te hou en Nagmaal te vier, wat deur die vorige predikante van die gemeente bedien sal word. Die Kerkraad nooi **alle** oudlidmate uit om daaraan deel te hê en ook finaal afskeid te neem van Gemeente Witbank tydens die **Dankseggingserediens/Nagmaal** wat om **14:00** 'n aanvang neem.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**
 - o Donderdag 6 Februarie: Di AMT (Andorette) Hill-Jowett (siekte-emeritaat) en JA (Johan) Holtzhausen (beroepafwagend)
 - o Saterdag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (Paarl)
 - o Sondag 9 Februarie: Di LH (Lydia) Miller (buiteland), F (Freddie) Nortje (Bergsig) en F (Ferdie) Nortje (Outeniqua)
 - o Maandag 10 Februarie: Prof SJ (Schalk) Botha (emeritus), di D (Dalene) Lourens (Selcourt) en IJ (Jaco) Vogel (Rooihuiskraal)
 - o Dinsdag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (Ventersdorp)
 - o Woensdag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (Alberton)
 - o Vrydag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (emeritus), di CP (Larry) van der Walt (Oos-Londen) en EP (Eddie) Vosloo (emeritus)

Beplande vergaderings

- o Maandag 10 Februarie: Raad vir SENTIK
- o Dinsdag 11 Februarie: OSR Operasionele Komitee en Direksie
- o Woensdag 12 Februarie: DPS Dagbestuur
- o Vrydag 14 Februarie: Moderamen
OSR Finkom
- o Saterdag 15 Februarie: NHSV Hoofbestuur

Kursusse en toerusting

- **RDV-inligtingsdag: Saterdag 8 Februarie by Gemeente Wonderboom**
Kommissie van die ADV se inligtingsdag vir RDV-kommissies (Sommige RDV's sal op 15 Februarie besoek word)
Besin onder andere oor agendas van vergaderings
Belangstellendes wat nie aan RDV's verbind is nie, is ook welkom
Kontak Sonet by 012 322 8885 x221 of diens@diakens.co.za
om reëlings te tref
Vrydagaand 7 Februarie 18:00: Almal wat wil, gaan armoede in Pretoria se strate ondersoek
Saterdag 8 Februarie 08:00 tot 14:00: Inligtingsdag
- **Huwelikseminaar: Saterdag 15 Februarie 08:30-13:00**
Midstream Familiekerk
Die huwelik hoort in die paradys
Kom luister na prof Stephan Joubert
R250 per paartjie (ontbyt ingesluit)
Bespreek by Marlize 079 693 4744 / metukker@gmail.com



- **Inligtings- en besprekingsvergadering vir ringskommissies
Woensdag 26 Februarie vanaf 09:00**

Tema: *Waarderende ondersoek*

Plek: Gemeente Kempton Park-Oos

Koste R100 per persoon, nie later nie as **21 Februarie** vereffen

Navrae aan mev Karen Breedt by 012 322 8885 x257 /

karen@nhk.co.za

- **Daniëlkonferensie: 15-16 Maart**

NG Kerk Leeudoringstad

Al die kerke van die gemeenskap bied dit saam aan

Meer inligting by 018 581 2801 / www.danielmannekonferensie.co.za

Beskikbare behuising

- **Beskikbare behuising vir en versorging van bejaarde persone**

Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise

012 325 1857 x202 / www.otmt.org

*Rolstoel-akkommodasie
in Bloemfontein*

Volledig aangepaste akkommodasie
met badkamergeriewe

Vir rolstoelgebruiker (para- of kwadrupleeg)
en metgesel

Ook aparte akkommodasie vir versorger
beskikbaar in stil boomryke omgewing

Private ingang en tuin

Skakel 082 200 9415

- **Lag 'n slag.** Dis Sondagoggend, en twee henne staan voor die pastorie in die blomtuin en rondskrop. Toe die dominee oomblikke later in sy deftig swart pak by die voordeur uitstap, kyk een van die henne hom met bewondering aan en sê: *Ai, is hy nie wonderlik nie! Ag, hoe wonderlik!* Die ander hen kyk onthuts op en vra: *En wat is so danig wonderlik aan hom?* waarop die eerste hen antwoord: *Jy sal my nie glo nie, maar hulle sê hy het nou die dag 'n hoeksteen gelê!*

Kampe en toere

- **Besoek Israel van 26 Maart tot 5 April**

Toerleier: Dr André Ungerer

Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië, die piramides en die sfinks

Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201

E-pos: andreung@telkomsa.net

- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**

15 dae op die voetspore van die eerste Christene

Toerleier: Ds Dries Beukes

012 654 3198 / 083 447 7943

Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)

012 361 0579 / 082 560 4279 / louise.geyser@absamail.co.za

Gaan na www.konteks.co.za → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

*Vakansie-akkomodasie
Amanzimtoti-hoofstrand*

Bekostigbare, luukse vakansiewoonstel direk op Amanzimtoti-hoofstrand
 Uiters billike buiteseisoentariëwe, veilige parkeering, braaigeriewe
 Swembad op perseel, alle DStv-kanale
 2 slaapkamers slaap 6 mense
 Loopafstand vanaf winkelsentrum
 Kontak Corrie by 072 209 8809 / corriestrydom1@hotmail.com
 Kantoorure 014 736 5149

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Noord: Valentynsdans**
Vrydag 14 Februarie vanaf 19:00
 Skakel Eurita by 082 828 0811 vir meer inligting

ANDER NUUS

- Die Ondersteuningsraad (OSR) beskik tans oor 'n vakature vir 'n **voltydse maatskaplike werker in Pietersburg**. Die minimumvereistes vir die pos is BA (Maatskaplike Werk); registrasie by die Maatskaplike Raad (SACSSP); moet beskik oor 'n geldige bestuurslisensie; en moet Afrikaanssprekend wees. Aansoeke (CV's) kan gestuur word aan Henriëtte Els (programbestuurder) by oraadlimpopo@gmail.com / 014 717 3589 (faks), en sy kan gekontak word by 071 684 7912.
- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend 'n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is 'n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of hoof@mdup.co.za vir meer inligting.
- **Vrydag 14 Februarie 19:00 vir 19:30**
Valentynsdinee en -dans vir Beeld-Kinderfonds
 Casa Social de Madeira, Lynnwoodweg, Pretoria
 R475, tafels vir 10-12 ook beskikbaar
 Bespreek by info@beeldkinderfonds.co.za
 073 749 2697 / 011 976 2273
- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**
 NG Kerk Moreleta, R300 per persoon
 Kontak natasha.felix@up.ac.za of skryf in by
http://itickets.co.za/events/322183/Pretoria,_Gauteng_GT/Church_Planting_Conference.html
 Sprekers sluit in Alan Hirsh, Debra Hirsch, prof Stefan Paas, Tom Smith,
 dr Frederick Marais, dr Stephan de Beer, prof Stephan Joubert,
 prof Nelus Niemandt, dr Wim Dreyer en dr Willem Pretorius

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die **e-Hervormer** geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 110 woorde** met of sonder eenvoudige



grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na www.nhka.org → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek kan nie wag vir elke week se *e-Hervormer* nie. Dit voel so snaaks as ek hom nie kry nie – ek sê altyd ek lees my *e-Hervormer* soos sudoku, op en af, heen en weer, links en regs, blokkie vir blokkie. Maar laas week was daar niks om te lees nie. Het ek iewers iets misgelees in die een van 23 Januarie? Baie dankie dat ek op so 'n manier deel van my Kerk kan wees.”

Wilna Esterhuizen, Bothaville

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Vir alles wat ons moes gedink het en nie gedink het nie.
Vir alles wat ons moes gesê het en nie gesê het nie.
Vir alles wat ons moes gedoen het en nie gedoen het nie.
Vir alles wat ons nie moes gedink het nie en tog gedink het.
Vir alles wat ons nie moes gesê het nie en tog gesê het.
Vir alles wat ons nie moes gedoen het nie en tog gedoen het.
Vir al hierdie woorde, dae en gedagtes pleit ons om vergifnis, o Here,
en spreek ons ons diepe berou uit.
Amen.

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

